



RAAD OP REKENINGKUNDIGE STANDAARDE

STANDAARD VAN ALGEMEEN ERKENDE

REKENINGKUNDIGE PRAKTYK

ERFENISBATES

(AERP 103)



AERP 103

Raad op Rekeningkundige Standaarde

Posbus 74129

Lynnwoodrif

0040

Kopiereg © 2008 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag sonder voorafgaande toestemming van die Raad op Rekeningkundige Standaarde gereproduseer, in 'n stelsel vir inligtingsontsluiting bewaar, versend, of in enige vorm of op enige wyse, elektronies, meganies, deur fotokopiëring, by wyse van 'n opname of andersins gereproduseer of weergegee word nie.

Toestemming om beperkte uittreksels uit die publikasie te reproduseer sal gewoonlik nie weerhou word nie.

Inhoud

Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk Erfenisbates

	Paragrawe
Inleiding	
Oogmerk	.01
Omvang	.02 - .03
Woordomsrywings	.04 - .12
Erfenisbates	.05 - .12
Erkenning	.13 - .23
Meting by erkenning	.24 - .34
Koste-elemente	.28 - .31
Meting van koste	.32 - .34
Meting ná erkenning	.35 - .70
Kosprysmodel	.36
Herwaardasiemodel	.37 - .61
Vasstelling van billike waarde	.38 - .48
Die herwaardasiemodel	.49 - .57
Onvermoë om billike waarde vas te stel	.59 - .61
Waardedaling	.62 - .68
Vergoeding vir waardedaling	.69 - .70
Oordragte	.71 - .81
Onterkenning	.82 - .85
Openbaarmaking	.86 - .99
Oorgangsbepalings	.100 - .101
Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP	.100
Wysigings aan die Standaarde van AERP	.101



AERP 103

Datum van inwerkingtrede	.102 - .103
Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP	.102
Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas	.103
Grondslag vir gevolgtrekkings	

ERFENISBATES

Hierdie Standaard is oorspronklik in Julie 2008 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) uitgegee. Sedertdien is dit deur die volgende gewysig:

- Gevolglike wysigings toe die Standaard van AERP oor *Werknemervoordele* (AERP 25) in werking getree het.
- Gevolglike wysigings ná die hersiening van AERP 5 *Leenkoste* en AERP 100 *Gestaakte Bedrywighe* in 2013.
- Verbeterings aan die Standaarde van AERP wat in November 2013 deur die Raad uitgegee is.
- Gevolglike wysigings toe die volgende Standaarde van AERP in werking getree het:
 - AERP 105 *Oordrag van Funksies tussen Entiteite onder Gemeenskaplike Beheer*
 - AERP 106 *Oordrag van Funksies tussen Entiteite nie onder Gemeenskaplike Beheer nie*
 - AERP 107 *Samesmeltings*

'n Bygewerkte eksemplaar van die wysigings wat as deel van die Verbeteringsprojek (2013) aan AERP 103 aangebring is en die jongste wysigings wat daaruit spruit, is op die webwerf beskikbaar.

Inleiding

Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk

Daar word ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig, van die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) vereis om algemeen erkende rekeningkundige praktyk genaamd Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) te bepaal.

Die Raad moet AERP bepaal vir:

- (a) departemente (met inbegrip van nasionale en provinsiale regeringskomponente);
- (b) openbare entiteite;
- (c) handelsentiteite (soos in die WOFB omskryf);
- (d) grondwetlike instellings;
- (e) munisipaliteite en rade, kommissies, maatskappye, korporasies, fondse of ander entiteite onder die eienaarsbeheer van 'n munisipaliteit; en
- (f) die Parlement en die provinsiale wetgewers.

Bogenoemde word in Standaarde van AERP gesamentlik “entiteite” genoem.

Die Raad het die toepassing van Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) soos op 1 April 2012, soos dit deur die Raad op Rekeningkundige Praktyke gekodifiseer en deur die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters uitgegee is, goedgekeur om AERP te wees vir:

- (a) staatsakeondernemings (soos in die WOFB omskryf);
- (b) enige ander entiteit, uitgesonderd 'n munisipaliteit, waarvan die gewone aandele, potensiële gewone aandele of skuld openbaar op die kapitaalmarkte verhandelbaar is; en
- (c) entiteite onder die eienaarsbeheer van enigeen van hierdie entiteite.

Die Raad het die toepassing van die *International Financial Reporting Standards* (IFRSs) wat deur die *International Accounting Standards Board* uitgegee is, goedgekeur as AERP vir hierdie entiteite waar hulle IFRS'e toepas.

Finansiële state moet beskryf word as sou dit aan Standaarde van AERP voldoen slegs indien hulle aan al die vereistes van elke toepaslike Standaard van AERP en enige verbandhoudende vertolking wat in die toekoms uitgereik mag word, voldoen.

Enige beperking op die toepaslikheid van spesifieke Standaarde word in daardie Standaarde duidelik gemaak.

Die Standaard van AERP oor *Erfenisbates* word in paragraaf .01 tot .103 uiteengesit. Alle paragrawe in hierdie Standaard is ewe gesaghebbend. Die status en gesag van bylaes word in die aanhef tot elke bylae behandel. Hierdie Standaard moet gelees word in die konteks van die doelstellinge daarvan, die grondslag vir gevolgtrekkings indien toepaslik, *die Voorwoord by Standaarde van AERP* en die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State*.

Standaarde van AERP moet ook in samehang gelees word met enige lasgewings wat deur die Raad uitgereik word en waarin oorgangsbepalings voorgeskryf word, asook saam met enige regulasies wat deur die Minister van Finansies uitgereik is ten opsigte van die datums van inwerkingtrede van die Standaarde van AERP, soos in die Staatskoerant gepubliseer is.

Daar kan 'n verwysing wees na 'n Standaard van AERP wat nog nie uitgegee is op die tydstip wanneer hierdie Standaard uitgegee word nie. Dit word gedoen om te vermy om die Standaarde wat reeds uitgegee is, te verander wanneer 'n latere Standaard uitgegee word. Paragraaf .11 van die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute* voorsien in die afwesigheid van uitdruklike leiding 'n grondslag vir die keuse en toepassing van rekeningkundige beleide.

Doelstelling

- .01 Die doel met hierdie Standaard is om die rekeningkundige hantering van erfenisbates en verbandhoudende openbaarmakingsvereistes voor te skryf.

Omvang

- .02 *'n Entiteit wat finansiële state ooreenkomstig die toevallingsgrondslag van rekeningkunde opstel en aanbied, moet hierdie Standaard toepas op die erkenning, meting en openbaarmaking van alle bates wat aan die omskrywing van 'n erfenisbate voldoen, behalwe:*
- (a) *die aanvanklike erkenning en aanvanklike meting van erfenisbates wat in 'n oordrag van funksies tussen entiteite onder gemeenskaplike beheer verkry is (kyk die Standaard van AERP oor Oordrag van Funksies tussen Entiteite onder Gemeenskaplike Beheer) of 'n samesmelting (kyk die Standaard van AERP oor Samesmeltings); en*
 - (b) *biologiese bates wat met landboubedrywighede verband hou (kyk die Standaard van AERP oor Landbou).*
- .03 Indien 'n entiteit oor 'n biologiese bate beskik wat met landboubedrywighede verband hou, moet hy oorweeg of die beginsels in die Standaarde van AERP oor Voorraad, Eiendom, Aanleg en Toerusting of Landbou van toepassing sal wees.

Woordomskrywings

- .04 *Die volgende terme word met die gespesifiseerde betekenisse in hierdie Standaard gebruik:*

Drabedrag *is die bedrag waarteen 'n erfenisbate na aftrekking van opgehoopte waardedalingsverliese erken word.*

Erfenisbateklas *beteken 'n groepering van erfenisbates met 'n soortgelyke aard of funksie in 'n entiteit se bedrywighede wat vir die doel van openbaarmaking in die finansiële state as enkele item aangetoon word.*

Koste *is die bedrag aan kontant of kontantekwivalente wat betaal word of die billike waarde van die ander teenprestasie wat gegee word om 'n erfenisbate te verkry op die tydstip van die verkryging of konstruksie daarvan of, waar van toepassing, die bedrag wat aan daardie erfenisbate toegeskryf word wanneer dit aanvanklik ooreenkomstig die spesifieke vereistes van ander Standaarde van AERP erken word.*

Billike waarde *is die bedrag waarvoor 'n bate verruil kan word, of 'n las vereffen kan word, tussen ingeligte, gewillige partye in 'n armlengtetransaksie.*

Erfenisbates is bates wat 'n kulturele, omgewings-, historiese, natuurlike, wetenskaplike, tegnologiese of artistieke betekenis het en onbepaald tot die voordeel van huidige en toekomstige geslagte gehou word.

'n **Waardedalingsverlies** van 'n kontantgenererende bate is die bedrag waarmee die drabedrag van 'n bate die verhaalbare bedrag daarvan oorskry.

'n **Waardedalingsverlies** van 'n niekontantgenererende bate is die bedrag waarmee die drabedrag van 'n bate die verhaalbare diensbedrag daarvan oorskry.

'n **Onvervreembare item** is 'n bate wat 'n entiteit volgens 'n wetlike of ander vereiste onbepaald moet behou en wat nie sonder toestemming vervreem mag word nie.

Verhaalbare bedrag is 'n kontantgenererende bate se netto verkoopsprys of die waarde daarvan in gebruik, watter ook al die hoogste is.

Verhaalbare diensbedrag is 'n niekontantgenererende bate se billike waarde minus die koste daarvan om dit te verkoop of die waarde daarvan in gebruik, watter ook al die hoogste is.

Waarde in gebruik van 'n kontantgenererende bate is die huidige waarde van die toekomstige kontantvloei wat na verwagting uit 'n bate of kontantgenererende eenheid verkry sal word.

Waarde in gebruik van 'n niekontantgenererende bate is die huidige waarde van die bate se oorblywende dienspotensiaal.

Terme wat in ander Standaarde van AERP omskryf word, word in hierdie Standaard met dieselfde betekenis as in daardie ander Standaarde van AERP gebruik.

Erfenisbates

- .05 Voorbeelde van die reeks bates wat as klasse erfenisbates beskou kan word, sluit die volgende in:
- (a) kunswerke, oudhede en uitstallings soos dié van biologiese en minerale monsters of tegnologiese artefakte;
 - (b) versamelings insekte, skoenlappers en fossiele;
 - (c) versamelings skaars boeke, manuskripte, rekords, fotografiese positiewe en negatiewe en ander bronmateriaal wat deur biblioteke gehou word om weens hul historiese en kulturele waarde bewaar te word;
 - (d) voorwerpe van wetenskaplike of tegnologiese belang;
 - (e) historiese monumente soos grafte en begraaftplase;
 - (f) argeologiese en paleontologiese terreine;

- (g) bewaringsgebiede soos nasionale parke;
 - (h) historiese geboue van beduidende historiese belang;
 - (i) roerende voorwerpe soos militêre ordetekens, medaljes, muntstukke, posseëlversamelings of dekoratiewe of kunsvoorwerpe; en
 - (j) parke wat vir ontspanningsdoeleindes aangewend word en tot voordeel van huidige en toekomstige geslagte bewaar moet word.
- .06 Kenmerke wat dikwels eie aan erfenisbates is, sluit die volgende in:
- (a) hul waarde in kulturele, omgewings-, opvoedkundige en historiese sin kan waarskynlik nie ten volle in geldwaarde weergegee word nie;
 - (b) etiese, wetlike en/of statutêre verpligtinge kan 'n verbod plaas op of streng voorwaardes stel vir vervreemding deur verkope;
 - (c) hulle is dikwels onvervangbaar;
 - (d) hul waarde kan mettertyd toeneem, selfs al verswak hul fisiese toestand;
 - (e) hulle het 'n onbepaalde gebruiksduur en hul waarde neem mettertyd toe as gevolg van hul kulturele, omgewings-, opvoedkundige, natuurwetenskaplike, tegnologiese, artistieke of historiese beduidendheid; en
 - (f) hulle word beskerm, onversteurd gelaat, versorg en bewaar.
- Hierdie kenmerke is nie noodwendig die enigste vir alle erfenisbates nie.
- .07 Entiteite kan 'n groot voorraad erfenisbates besit wat met verloop van baie jare en op verskillende maniere bekom is, byvoorbeeld deur koop, ontdekking, skenkings of bemakings. Sodanige bates word nie noodwendig gehou vir hul vermoë om kontantinvloei te genereer nie en daar kan etiese, wetlike of maatskaplike struikelblokke wees indien hulle vir sulke doeleindes aangewend word.
- .08 Ten einde te voldoen aan die omskrywing van 'n bate moet dit deur die entiteit beheer word op grond van gebeure in die verlede, en daar moet 'n verwagting wees dat toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal sal vloei na die entiteit wat dit hou. Sommige entiteite hou erfenisbates om aan diensleweringsdoelwitte te voldoen eerder as om toekomstige ekonomiese voordele te genereer. Die dienspotensiaal vergestalt in 'n erfenisbate spruit voort uit die voordeel om die spesifieke bate vir huidige en toekomstige geslagte te bewaar.
- .09 Sommige erfenisbates het meer as een doel, bv. 'n historiese gebou wat, bykomend tot die voldoening aan die omskrywing van 'n erfenisbate, ook gebruik word as kantoorakkommodasie. Die entiteit moet vasstel of die hoofgedeelte van die bate aan die omskrywing van 'n erfenisbate voldoen. Daarvoor moet die entiteit sy oordeel gebruik. Die bate moet as 'n erfenisbate verantwoord word indien, en slegs indien, daar aan die omskrywing van 'n erfenisbate voldoen word, en slegs indien 'n

onbeduidende gedeelte gehou word vir gebruik in die produksie of verskaffing van goedere of dienste of vir administratiewe doeleindes. Indien daar egter nie aan die omskrywing van 'n erfenisbate voldoen word nie, of indien 'n beduidende gedeelte gehou word vir gebruik in die produksie of verskaffing van goedere of dienste of vir administratiewe doeleindes, moet die bate nie as 'n erfenisbate in rekening gebring word nie. In plaas daarvan moet die entiteit die bate ooreenkomstig die toepaslike Standaard van AERP in rekening bring.

- .10 'n Gebou wat gebruik word om erfenisbates te huisves, word slegs as 'n erfenisbate erken indien dit aan die omskrywing van 'n erfenisbate voldoen. Indien dit nie die geval is nie, moet die gebou ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting* in rekening gebring word.
- .11 Sommige erfenisbates word as "onvervreembaar" beskryf omdat die entiteit daarvan weerhou word om sulke erfenisbates te vervreem, tensy goedkeuring daarvoor verleen word. Voorwaardes kan byvoorbeeld deur 'n trust, wetgewing of regsvoorskrifte gestel word, of deur die oordraggewer se voorwaardes oor vervreemding, gebruik, veranderinge, ens. Die Departement van Kuns en Kultuur kan byvoorbeeld 'n historiese gebou deur middel van 'n skenking verkry onderhewig aan voorwaardes wat die gebou se gebruik tot dié van 'n museum beperk.
- .12 Vir sommige entiteite is erfenisbates noodsaaklik vir die uitvoering van die hoofdoelstellings van die entiteit. So byvoorbeeld is die grondliggende doelstelling van 'n museum om erfenisbates te restoreer, in stand te hou en te bewaar tot voordeel van huidige en toekomstige geslagte. 'n Erfenisbate kan ook bykomend wees tot die grondliggende doelstelling van die entiteit, soos 'n bemaking van 'n kunsversameling aan 'n plaaslike owerheid.

Erkenning

- .13 ***'n Erfenisbate moet as 'n bate erken word indien, en slegs indien:***
 - (a) ***dit waarskynlik is dat die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal geassosieer met die bate na die entiteit sal vloei; en***
 - (b) ***die kosprys of billike waarde van die bate betroubaar gemeet kan word.***
- .14 Om ooreenkomstig die maatstawwe in paragraaf .13 erken te word, moet die erfenisbate op grond van gebeure in die verlede deur die entiteit beheer word (kyk die omskrywing van bates in paragraaf .04). Selfs al word die entiteit daarvan weerhou om 'n erfenisbate te vervreem op grond van 'n bepaling ingestel deur byvoorbeeld 'n trust, wetgewing of regsvoorskrifte, of deur die oordraggewer se bepalings, word die erfenisbate steeds deur die entiteit beheer indien hy in staat is om toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal uit die bate te genereer. Gevolglik erken die entiteit die erfenisbate indien daar aan die erkenningsmaatstawwe in paragraaf .13 voldoen word.

- .15 'n Entiteit maak van oordeel gebruik om die mate van sekerheid te bepaal wat verbonde is aan die vloei van toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat aan die erfenisbate toeskryfbaar is op grond van die bewyse wat ten tye van aanvanklike erkenning beskikbaar is.
- .16 Toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat uit 'n erfenisbate voortspruit, kan inkomste insluit, byvoorbeeld toegangsgeld wat deur 'n museum gehef word. Die inkomste wat onder sulke omstandighede deur die entiteit gegenereer word, is normaalweg onbeduidend vergeleke met die bedryfskoste van die museum. Die inkomste wat gegenereer word, word eerder ten opsigte van die instandhouding van die erfenisbate aangewend. Die erfenisbate moet egter ooreenkomstig hierdie Standaard in rekening gebring word, aangesien die erfeniswaarde verbonde aan die spesifieke bate die dienspotensiaal daarvan uitmaak.
- .17 *Indien 'n entiteit 'n bate hou wat as 'n erfenisbate beskou kan word maar wat by aanvanklike erkenning nie aan die erkenningsmaatstawwe van 'n erfenisbate voldoen nie omdat dit nie betroubaar gemeet kan word nie, moet tersaaklike en nuttige inligting daaroor in die aantekeninge by die finansiële state openbaar gemaak word.***
- .18 Oordeel moet aan die dag gelê word by die toepassing van die aanvanklike erkenningsmaatstawwe op die spesifieke omstandighede rondom die entiteit en die bate. Indien die entiteit 'n erfenisbate by aanvanklike erkenning daarvan nie betroubaar kan meet nie, moet dit nie in die finansiële state as sodanig erken word nie. In plaas daarvan moet tersaaklike en nuttige inligting oor die erfenisbate openbaar gemaak word soos in paragraaf .96 vereis word.
- .19 In sommige gevalle kan eiendoms-, aanleg- en toerustingstelsels vereis word om die erfenisbates te beveilig. 'n Museum kan byvoorbeeld deur middel van 'n gespesialiseerde lugversorgingstelsel 'n konstante kamertemperatuur handhaaf ten einde 'n manuskripversameling te beveilig. Sodanige eiendoms-, aanleg- en toerustingstelsels word ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting* as bates erken en nie as deel van die koste van die erfenisbate nie.
- .20 Indien die erfenisbate nie ooreenkomstig paragraaf .17 erken word nie, moet enige aanvangskoste om die toestand van die erfenisbate te evalueer en enige koste wat daarna aangegaan word, in surplus of tekort erken word namate dit aangegaan word.
- .21 Kragtens die erkenningsbeginsels in paragraaf .13 erken die entiteit nie die daaglikse bedryfskoste in die drabedrag van 'n erfenisbate nie, en ook nie die koste om die erfenisbate in stand te hou of te hou nie. Hierdie koste word eerder in surplus of tekort erken namate dit aangegaan word. Die daaglikse bedryfskoste wat in die geval van 'n biblioteek aangegaan word om 'n lugversorgingstelsel in stand te hou

wat nodig is om te verseker dat die boeke in 'n goeie toestand gehou word, moet aangetoon word namate dit aangegaan word. Sodanige daaglikse bedryfskoste sluit ook die koste in van die inspeksie van die erfenisbate, verbruiksgoedere en ander instandhoudingskoste.

- .22 Koste wat aangegaan word om die erfenisbate te verbeter of te bewaar ten einde die onbepaalde nutsduur daarvan te behou, moet as deel van die koste daarvan gekapitaliseer word. Sodanige koste moet in die drabedrag van die erfenisbate erken word namate dit aangegaan word om so aan die erkenningsmaatstawwe in paragraaf .13 te voldoen.
- .23 Daar moet verwys word na die riglyne oor navorsings- en ontwikkelingskoste in die Standaard van AERP oor *Ontasbare Bates* vir leiding oor die hantering van eksplorasiekoste in die soeke na nuwe erfenisbates. Die Standaard van AERP oor *Ontasbare Bates* vereis dat uitgawes aangegaan vir navorsing of vir die navorsingsfase van 'n interne projek, byvoorbeeld eksplorasiekoste, as 'n uitgawe erken moet word wanneer dit aangegaan word, aangesien die entiteit nie kan aantoon dat 'n erfenisbate wat aan die omskrywing en erkenningsmaatstawwe ooreenkomstig hierdie Standaard voldoen, opgespoor sal word nie. Slegs indien daar voldoen word aan die maatstawwe vir ontwikkelingskoste, soos dit in die Standaard van AERP oor *Ontasbare Bates* uiteengesit word, moet hierdie koste in die drabedrag van die erfenisbate gekapitaliseer word.

Meting by erkenning

- .24 *'n Erfenisbate wat vir erkenning as 'n bate kwalifiseer, moet teen die kosprys daarvan gemeet word.*
- .25 *Waar 'n erfenisbate deur 'n nie-uitruiltransaksie verkry word, moet die koste daarvan teen die billike waarde daarvan soos op die verkrygingsdatum gemeet word.*
- .26 'n Erfenisbate kan deur 'n nie-uitruiltransaksie verkry word. 'n Museum kan byvoorbeeld 'n waardevolle kunsversameling as 'n skenking uit 'n boedel ontvang. Onder sulke omstandighede is die koste van die erfenisbate die billike waarde daarvan op die verkrygingsdatum. By die vasstelling van die billike waarde van 'n erfenisbate wat deur middel van 'n nie-uitruiltransaksie verkry is, moet die entiteit die beginsels in paragraaf .38 tot .48 toepas.
- .27 Vir die doel van hierdie Standaard behels die meting by erkenning van 'n erfenisbate wat deur middel van 'n nie-uitruiltransaksie teen die billike waarde daarvan in ooreenstemming met die vereistes van paragraaf .25 verkry is, nie 'n herwaardasie nie.

Koste-elemente

- .28 Die koste van 'n erfenisbate behels:
- (a) die koopprys daarvan, met inbegrip van invoerregte en nie-terugbetaalbare koopbelasting, na aftrekking van handelsafslag en kortings; en
 - (b) enige koste wat regstreeks toeskryfbaar is aan die bring van die erfenisbate tot op die plek en in die toestand wat nodig is om bedryf te kan word op die wyse soos deur die bestuur bedoel.
- .29 Voorbeelde van regstreeks toeskryfbare koste is:
- (a) die koste van werknemervoordele (soos omskryf in die Standaard van AERP oor *Werknemervoordele*) wat byvoorbeeld kan voortspruit uit die aanvanklike evaluering van die toestand van 'n erfenisbate deur museumpersoneel wanneer dit aanvanklik verkry word, tesame met enige tyd wat aan die restaurasie van 'n bate bestee word;
 - (b) koste aangegaan om die erfenisbate te verwyder of die terrein waar dit geleë is, te herstel;
 - (c) professionele gelde;
 - (d) eiendomsoordragbelasting;
 - (e) aanvanklike lewerings- en hanteringskoste;
 - (f) installasie- en monteringskoste; en
 - (g) ander transaksiekoste.
- .30 Voorbeelde van koste wat nie in die drabedrag ingesluit is nie:
- (a) die koste van die opening van 'n nuwe uitstalling, bv. 'n nuwe deel in 'n museum waarin 'n kunsvaersameling uitgestal kan word;
 - (b) die koste van die bedryf van 'n onderneming op 'n nuwe terrein (met inbegrip van die koste van personeelopleiding); en
 - (c) administrasie- en ander algemene bokoste.
- .31 Die koste van 'n erfenisbate is die kontantprysekwivalent op die erkenningsdatum. Indien betaling tot ná normale krediettermyn uitgestel word, word die verskil tussen die kontantprysekwivalent en die totale betaling as rente oor die krediettermyn erken, tensy sodanige rente in die drabedrag van die erfenisbate erken word ooreenkomstig die toegelate alternatiewe behandeling in die Standaard van AERP oor *Leenkoste*.

Meting van koste

- .32 Die koste van 'n erfenisbate is die kontantprysekwivalent op die erkenningsdatum. Indien betaling tot ná normale krediettermyn uitgestel word, word die verskil tussen die kontantprysekwivalent en die totale betaling as rente oor die krediettermyn erken,

tensy sodanige rente in die drabedrag van die erfenisbate erken word ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Leenkoste*.

- .33 Een of meer items van erfenisbates kan verkry word in ruil vir 'n niemonetêre bate of bates, of 'n kombinasie van monetêre en niemonetêre bates. Die volgende bespreking verwys gewoon na 'n uitruiling van een niemonetêre bate vir 'n ander, maar dit is ook van toepassing op alle uitruilings wat in die voorafgaande sin beskryf word. Die koste van sodanige items van erfenisbates word teen billike waarde gemeet indien die billike waarde van nóg die bate wat ontvang word, nóg die bate wat prysgegee word, betroubaar gemeet kan word. Die verkrygte item word op hierdie manier gemeet, selfs as 'n entiteit nie die bate wat prysgegee word, onmiddellik kan ontken nie. Indien die verkrygte item nie teen billike waarde gemeet word nie, word die koste daarvan teen die drabedrag van die bate wat prysgegee word, gemeet.
- .34 Die billike waarde van 'n bate waarvoor vergelykbare marktransaksies nie bestaan nie, kan betroubaar gemeet word as (a) die veranderlikheid in die reeks redelike billikewaarde-ramings nie vir daardie bate beduidend is nie of (b) die waarskynlikhede van die onderskeie ramings binne die reeks redelikerwys bepaal en in die raming van billike waarde gebruik kan word. As die entiteit in staat is om die billike waarde van óf die bate wat ontvang word óf die bate wat prysgegee word, betroubaar vas te stel, word die billike waarde van die bate wat prysgegee word gebruik om die koste van die bate wat ontvang word, te meet, tensy die billike waarde van die bate wat ontvang word, duideliker blyk.

Meting ná erkenning

- .35 *'n Entiteit moet óf die kosprysmodel in paragraaf .36 óf die herwaardasiemodel in paragraaf .37 kies as sy rekeningkundige beleid en moet daardie beleid op 'n hele klas erfenisbates toepas.*

Kosprysmodel

- .36 *Ná die erkenning van 'n bate moet 'n klas erfenisbates teen die kosprys daarvan minus enige opgehoopte waardedalingsverliese gedra word.*

Herwaardasiemodel

- .37 *Ná erkenning as 'n bate moet 'n klas van erfenisbates waarvan die billike waarde betroubaar gemeet kan word, teen 'n herwaardeerde bedrag gedra word, synde die billike waarde daarvan op die datum van die herwaardasie minus enige daaropvolgende waardedalingsverliese. Herwaardasies moet gereeld genoeg gedoen word om te verseker dat die drabedrag nie wesenlik verskil van die bedrag wat vasgestel sou kon word indien billike waarde op die verslagdoeningsdatum gebruik sou word nie. Die rekeningkundige behandeling vir herwaardasies word in paragraaf .54 tot .56 uiteengesit.*

Vasstelling van billike waarde

- .38 Hierdie Standaard vereis dat alle entiteite die billike waarde van 'n klas van erfenisbates vasstel vir doeleindes van meting of die entiteit die herwaardasiemodel gebruik, en vir doeleindes van die voorkeuopenbaarmaking van billike waarde in paragraaf .95 indien dit van die kosprysmodel gebruik maak.
- .39 Die billike waarde van 'n erfenisbate is die prys waarteen die erfenisbate uitgeruil sou kon word tussen ingeligte, bereidwillige partye in 'n armlengtetransaksie. Billike waarde sluit spesifiek 'n geraamde prys uit wat deur spesiale bepalings of omstandighede geïnfleer of gedefleer is, soos spesiale oorwegings of vergunnings verleen deur enigiemand wat by die uitruiling betrokke is.
- .40 'n Entiteit stel billike waarde vas sonder enige aftrekking vir transaksiekoste wat hy mag aangaan by verkoop of ander vorm van vervreemding.
- .41 Die omskrywing van billike waarde verwys na "ingeligte, gewillige partye". In hierdie konteks beteken "ingeligte" dat sowel die gewillige koper as die gewillige verkoper redelik ingelig moet wees oor die aard en kenmerke van die erfenisbate, die werklike en potensiële gebruike daarvan, en marktoestande op die herwaardasiedatum. 'n Gewillige koper word aangemoedig maar nie verplig om te koop nie. Sodanige koper is nóg oorgretig nóg vasberade om teen enige prys te koop. Die veronderstelde koper sou nie bereid wees om 'n hoër prys te betaal as wat 'n mark van ingeligte, gewillige kopers en verkopers sou vereis nie.
- .42 'n Gewillige verkoper is nóg oorgretig nóg gedwonge om teen enige prys te verkoop, nóg bereid om uit te hou vir 'n prys wat nie in huidige marktoestande as redelik beskou word nie. Die gewillige verkoper is gemotiveerd om die erfenisbate in marktoestande teen die beste beskikbare prys te verkoop. Die feitelike omstandighede van die werklike erfenisbate-eienaar is nie deel van hierdie oorweging nie omdat die gewillige verkoper 'n hipotetiese eienaar is.
- .43 Die omskrywing van billike waarde verwys na 'n armlengtetransaksie. 'n Armlengtetransaksie is een tussen partye wat nie in 'n bepaalde of spesiale verhouding staan wat pryse van transaksies nie kenmerkend van marktoestande maak nie. Daar word veronderstel dat die transaksie tussen nieverwante partye plaasvind wat elkeen onafhanklik optree.
- .44 Indien die billike waarde van 'n meerdoelige erfenisbate bepaal word soos wat in paragraaf .09 verduidelik word, moet die billike waarde van die erfenisbate die bate se erfeniswaarde weerspieël, sowel as die waarde wat uit die gebruik daarvan in die produksie of verskaffing van goedere of dienste of vir administratiewe doeleindes verkry word.
- .45 By die bepaling van die billike waarde van 'n versameling moet die entiteit dit oorweeg of die hele versameling 'n hoër waarde het as die som van die waardes van

die individuele items waaruit daardie versameling bestaan. Onder sulke omstandighede moet die drawaarde van die hele versameling dalk herevalueer word indien 'n versameling uit 'n groep individuele erfenisbates bestaan. Indien items uit die versameling verwyder word, moet die waarde van die versameling dalk ook herwaardeer word.

- .46 Die billike waarde van 'n erfenisbate kan bepaal word uit markgebaseerde bewyse wat deur middel van waardasie vasgestel word. 'n Waardasie van die waarde van die bate word normaalweg onderneem deur 'n lid van die waardasieberoep wat oor 'n erkende en toepaslike professionele kwalifikasie beskik. Die billike waarde sal vasgestel word met verwysing na gekwoteerde pryse op 'n aktiewe en likiede mark. Onlangse markpryse kan byvoorbeeld gewoonlik vir bepaalde versamelings skoelappers en ander roerende voorwerpe soos munt- of seëlversamelings verkry word. Die bestaan van gepubliseerde pryskwotasies op 'n aktiewe mark is die beste aanduiding van die billike waarde, soos die gekwoteerde pryse by onlangse veilings wat in plaaslike koerante gepubliseer is. 'n Beperking op die vervreemding van 'n erfenisbate wat byvoorbeeld voortspruit uit 'n bepaling wat deur 'n trust, verordening of wetgewing, of uit die oordraggewer se bepalings, ingestel is, verhinder nie dat die entiteit die billike waarde daarvan bepaal nie.
- .47 Waar geen bewyse beskikbaar is om die markwaarde van 'n erfenisbate op 'n aktiewe mark vas te stel nie, kan 'n waardasietegniek aangewend word om die billike waarde daarvan te bepaal. Waardasietegnieke behels die gebruik van onlangse armlengtemarktransaksies tussen ingeligte, bereidwillige partye, indien dit beskikbaar is, en verwysing na die huidige billike waarde van ander erfenisbates wat wesenlik vergelykbare kenmerke in vergelykbare omstandighede en plekke het, en aangepas is vir enige spesifieke verskille in omstandighede. Indien daar 'n waardasietegniek is wat algemeen deur markdeelnemers gebruik word om so 'n bate se prys vas te stel en dit geblyk het dat daardie tegniek betroubare ramings lewer van pryse wat in werklike marktransaksies behaal is, kan die entiteit daardie tegniek by die vasstelling van die billike waarde gebruik.
- .48 In die geval van gespesialiseerde erfenisgeboue en ander mensgemaakte erfenisstrukture soos monumente kan dit vir die entiteit nodig wees om billike waarde te bepaal deur van 'n vervangingskostebenedering gebruik te maak. Die reproduksiekoste- of die restourasiekoste-benedering kan die beste aanwyser wees van die erfenisbate se vervangingskoste.

Die herwaardasiemodel

- .49 Die frekwensie van herwaardasies hang af van die veranderinge in die billike waardes van die erfenisbates wat herwaardeer word. Indien die billike waarde van 'n herwaardeerde erfenisbate wesenlik van die drabedrag daarvan verskil, is 'n verdere herwaardasie nodig. Sommige erfenisbates ervaar beduidende en wisselvallige bewegings in billike waarde, wat jaarlikse herwaardasie nodig maak. Sodanige herwaardasies is egter onnodig vir 'n erfenisbate wat onbeduidende veranderinge in

billike waarde toon. Dit kan dan nodig wees om die erfenisbate slegs elke drie tot vyf jaar te herwaardeer.

- .50 Indien 'n erfenisbate herwaardeer word, moet die hele klas erfenisbates waartoe daardie bate behoort, herwaardeer word.**
- .51 'n Klas van erfenisbates is 'n groepering van bates van vergelykbare aard of funksie in 'n entiteit se bedrywighede. Die volgende is voorbeelde van afsonderlike klasse:
- (a) Kunsversamelings
 - (b) Seëlversamelings
 - (c) Versamelings skaars boeke of manuskripte
 - (d) Historiese geboue
- .52 Indien erfenisbates in klasse gegroepeer word, moet 'n entiteit die aard en kenmerke van daardie betrokke bates in ag neem. Oordeel gegrond op 'n entiteit se spesifieke omstandighede is nodig by die groepering van erfenisbates. Dit kan toepaslik wees om individueel onbelangrike items saam te voeg en die maatstawwe op die totale waarde toe te pas.
- .53 Items binne 'n klas van erfenisbates word gelyktydig herwaardeer om selektiewe herwaardasie van erfenisbates en die verslagdoening oor bedrae in die finansiële state wat 'n mengsel van koste en waardes op verskillende datums is te voorkom. 'n Erfenisbateklas kan egter op 'n deurlopende grondslag herwaardeer word, mits herwaardasie van die erfenisbateklas binne 'n kort tydperk afgehandel word en mits die herwaardasies bygehou word.
- .54 Indien die drabedrag van 'n erfenisbate as gevolg 'n herwaardasie verhoog word, moet die verhoging regstreeks na 'n herwaardasiesurplus gekrediteer word. Die verhoging moet egter in surplus of tekort erken word in die mate waarin dit 'n herwaardasieverlaging van dieselfde erfenisbate wat voorheen in surplus of tekort erken is, omswaai.**
- .55 Indien die drabedrag van die erfenisbate as gevolg van 'n herwaardasie verlaag word, moet die verlaging in surplus of tekort erken word. Die verlaging moet egter regstreeks in netto bates gedebiteer word in die mate waarin enige kredietsaldo ten opsigte van daardie erfenisbate in die herwaardasiesurplus bestaan. Die verlaging wat regstreeks in netto bates erken word, verminder die bedrag wat onder die opskrif herwaardasiesurplus in netto bates opgehoop is.**
- .56 'n Gedeelte van of die hele herwaardasiesurplus wat ten opsigte van 'n erfenisbate by netto bates ingesluit is, kan regstreeks na opgehoopde surplusse of tekorte oorgedra word wanneer dit onderken word. Dit kan die oordrag van 'n deel van of die geheel van die surplus behels indien die erfenisbates waarop die surplus betrekking het,

vroeg betaal of vervreem word. Oordragte van herwaardasiesurplus na opgehoopte surplusse of tekorte word nie deur middel van surplus of tekort gedoen nie.

- .57 Riglyne oor die uitwerking van belastinge op inkomste, indien daar is, wat uit die herwaardasie van 'n erfenisbate voortspruit, word ooreenkomstig die *International Accounting Standard on Income Taxes* erken en geopenbaar.

Onvermoë om billike waarde betroubaar vas te stel

- .58 ***Daar bestaan 'n veronderstelling dat die billike waarde van 'n erfenisbate betroubaar gemeet kan word. Daardie veronderstelling kan egter weerlê word indien markbepaalde pryse of waardes nie beskikbaar is nie en dit blyk dat alternatiewe ramings van billike waarde duidelik onbetroubaar is. In so 'n geval moet die erfenisbate met behulp van die kosprysmodel in paragraaf .36 gemeet word. Die drabedrag van die erfenisbate moet die herwaardeerde bedrag daarvan op die datum van die jongste herwaardasie minus enige daaropvolgende opgehoopte waardedalingsverliese wees.***
- .59 In die uitsonderlike gevalle waar die entiteit om die rede wat in die vorige paragraaf vermeld is, verplig word om 'n erfenisbate teen die kosprys daarvan minus enige opgehoopte waardedalingsverliese te meet, moet die entiteit voortgaan om elkeen van die oorblywende erfenisbates met behulp van die herwaardasiemodel in rekening te bring.
- .60 Indien daar nie meer 'n aktiewe mark vir 'n herwaardeerde erfenisbate bestaan nie, moet die entiteit bepaal of dit ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Waardedaling van Niekontantgenererende Bates* en *Waardedaling van Kontantgenererende Bates* in waarde gedaal het.
- .61 Indien die billike waarde van die erfenisbate met verwysing na 'n aktiewe mark op 'n latere metingsdatum bepaal kan word, word die herwaardasiemodel van gemelde datum af toegepas.

Waardedaling

- .62 ***'n Erfenisbate moenie afgeskryf word nie, maar 'n entiteit moet op elke verslagdoeningsdatum bepaal of daar enige aanduiding bestaan dat 'n bate in waarde gedaal het. Indien enige sodanige aanduiding bestaan, moet die entiteit 'n raming van die verhaalbare bedrag of die verhaalbare diensbedrag van die bate maak.***
- .63 ***By evaluering of daar 'n aanduiding is dat 'n bate in waarde kon gedaal het, moet 'n entiteit ten minste die volgende aanduidings in ag neem:***

Eksterne inligtingsbronne

- (a) *Die daling van 'n bate se markwaarde gedurende die tydperk tot beduidend verder as wat vanweë die verloop van tyd of normale gebruik verwag sou word.*
- (b) *Die afwesigheid van 'n aktiewe mark vir 'n herwaardeerde erfenisbate.*

Interne inligtingsbronne

- (a) *Bewyse van fisiese skade of agteruitgang van 'n erfenisbate.*
- (b) *'n Besluit om die konstruksie van die erfenisbate te staak voordat dit voltooi of in 'n bruikbare toestand is.*

- .64 Die lys hierbo is nie volledig nie. 'n Entiteit kan ander aanduidings dat 'n bate in waarde gedaal het, identifiseer en dit kan ook van die entiteit vereis om die erfenisbate se verhaalbare bedrag of verhaalbare diensbedrag vas te stel. 'n Verandering in die gebruik van 'n erfenisbate dui nie noodwendig op waardedaling nie, maar kan vereis dat die bate ooreenkomstig paragraaf .71 en .73 oorgedra word.
- .65 'n Daling in die vraag na 'n kunsversameling van 'n beroemde kunstenaar of 'n afname in die vraag na 'n spesifieke fossielversameling kan dui op waardedaling in die erfenisbate. By die bepaling of waardedaling plaasgevind het, moet die entiteit vasstel of daar veranderinge in die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal was.
- .66 Waardedaling kan voortspruit uit fisiese skade aan 'n erfenisbate, byvoorbeeld brandskade of vloedskade. Die fisiese skade aan 'n bandopname waarop daar 'n stemopname van 'n beroemde persoon is, sal die waardedaling van die ontasbare erfenisbate self tot gevolg hê indien die klankkwaliteit van die band beskadig is.
- .67 By vasstelling of 'n oponthoud in die konstruksie van 'n erfenisbate waardedaling veroorsaak het, moet die rede daarvoor vasgestel word. Indien die konstruksiewerk nie in die afsienbare toekoms voltooi sou word nie, kon die waarde van die erfenisbate gedaal het.
- .68 Die bestaan van waardedalingsaanwysers sal daartoe lei dat die entiteit 'n raming maak van die erfenisbate se verhaalbare bedrag en verhaalbare diensbedrag ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Waardedaling van Kontantgenererende Bates* en *Waardedaling van Niekontantgenererende Bates*. Hierdie Standaard van AERP oor *Waardedaling van Kontantgenererende Bates* en *Waardedaling van Niekontantgenererende Bates* verduidelik hoe 'n entiteit die drabedrag van sy bates nagaan, hoe hy die verhaalbare bedrag of verhaalbare diensbedrag van 'n bate vasstel en wanneer hy 'n waardedalingsverlies erken of die erkenning daarvan omswaai. Enige oorskot van die drabedrag bo die verhaalbare bedrag of die verhaalbare diensbedrag moet as 'n waardedalingsverlies erken word.

Vergoeding vir waardedaling

- .69 Vergoeding van derde partye vir erfenisbates wat in waarde gedaal het, verloor is of prysgegee is, moet in surplus of tekort ingesluit word wanneer die vergoeding ontvangbaar word.**
- .70 Waardedalings of verliese van erfenisbates, verwante eise vir of betalings van vergoeding van derde partye en enige daaropvolgende aankoop of vervanging van erfenisbates is afsonderlike ekonomiese gebeure wat soos volg afsonderlik in rekening gebring word:
- (a) Waardedalings van 'n erfenisbate word erken ooreenkomstig die Standaarde van AERP oor *Waardedaling van Kontantgenererende Bates* of *Waardedaling van Niekontantgenererende Bates*.
 - (b) Ont erkenning van 'n erfenisbate wat vroeg betaal of vervreem is, word ooreenkomstig hierdie Standaard vasgestel.
 - (c) Vergoeding van derde partye vir 'n erfenisbate wat in waarde gedaal het, verloor is of prysgegee is, moet in surplus of tekort ingesluit word wanneer die vergoeding ontvangbaar word.
 - (d) Die koste van 'n erfenisbate wat gerestoureer, aangekoop of vervang is, word vasgestel ooreenkomstig hierdie Standaard.

Oordragte

- .71 Oordragte uit erfenisbates moet gemaak word indien, en slegs indien, die spesifieke bate nie meer aan die omskrywing van 'n erfenisbate voldoen nie.**
- .72 Oordragte uit erfenisbates moet gemaak word indien, en slegs indien, die bate nie meer aan die omskrywing van 'n erfenisbate voldoen nie (kyk paragraaf .04). Indien 'n item in 'n kunsvasameling byvoorbeeld in 'n brand vernietig word en die oorblywende skilderye in die versameling nie meer aan die omskrywing van 'n erfenisbate voldoen nie, moet die oorblywende waarde van die versameling van erfenisbates na eiendom, aanleg en toerusting oorgedra word, op voorwaarde dat daar aan die omskrywing van eiendom, aanleg en toerusting in die Standaard van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting* voldoen word.
- .73 Oordragte na erfenisbates moet gemaak word indien, en slegs indien, die bate aan die omskrywing van 'n erfenisbate voldoen.**
- .74 In sommige gevalle kan die klassifikasie van 'n bate verander indien daar aan die omskrywing van 'n erfenisbate voldoen word. So byvoorbeeld kon 'n kunswerk aanvanklik vir dekoratiewe doeleindes aangeskaf gewees het, terwyl die entiteit kon besluit het om dit op grond van die artistieke betekenis daarvan na die dood van die kunstenaar te bewaar.

- .75 Veranderde omstandighede kan 'n oordrag van voorraad of eiendom, aanleg of toerusting tot gevolg hê, omdat die bate nou aan die omskrywing van 'n erfenisbate voldoen. Die Departement van Verdediging, wat militêre medaljes voorheen as voorraad geklassifiseer het, kan byvoorbeeld besluit dat hy die medaljes vanweë hul historiese betekenis moet bewaar. Aangesien sulke bates nou aan die omskrywing van 'n erfenisbate voldoen, moet dit as sodanig behandel word.
- .76 Paragraaf .77 tot .81 het betrekking op erkenning en metingskwessies wat ontstaan indien die entiteit die herwaardasie-model vir erfenisbates gebruik. Indien die entiteit die kosprysmodel gebruik, verander oordragte tussen erfenisbates, eiendoms-, aanleg- en toerustingsitems, voorraad, beleggingseiendom of ontasbare bates nie die drabedrag van die bate wat oorgedra word, of die koste vir metings- of openbaarmakingsdoeleindes nie.
- .77 *Vir 'n oordrag van erfenisbates teen 'n herwaardeerde bedrag na eiendom, aanleg en toerusting, beleggingseiendom, voorraad of ontasbare bates is die bate se geoordeelde koste vir daaropvolgende rekeningkundige verantwoording ooreenkomstig die toepaslike Standaard van AERP die herwaardeerde bedrag daarvan op die oordragdatum. Die entiteit moet die beginsels in hierdie Standaard tot op die oordragdatum toepas. Die entiteit behandel enige verskil op daardie datum tussen die drabedrag van die erfenisbate en die billike waarde daarvan op dieselfde manier as 'n herwaardasie ooreenkomstig hierdie Standaard.***
- .78 *Indien 'n eiendoms-, aanleg- en toerustingsitem of 'n ontasbare bate wat teen 'n herwaardeerde bedrag gedra word, of beleggingseiendom wat teen billike waarde gedra word, as 'n erfenisbate herklassifiseer word wat teen 'n herwaardeerde bedrag gedra word, pas die entiteit die toepaslike Standaard van AERP op daardie bate tot op die datum van verandering toe. Die entiteit behandel enige verskil op daardie datum tussen die drabedrag van die bate en die billike waarde daarvan ooreenkomstig die toepaslike Standaard van AERP wat op daardie bate betrekking het.***
- .79 Die entiteit erken enige waardedalingsverliese wat plaasgevind het tot op die datum waarop 'n erfenisbate 'n eiendoms-, aanleg- en toerustingsitem, 'n beleggingseiendom of 'n ontasbare bate word. Die entiteit skryf die bate af en erken enige waardedalingsverliese wat plaasgevind het tot op die datum waarop 'n eiendoms-, aanleg- en toerustingsitem of 'n ontasbare bate teen 'n herwaardeerde bedrag 'n erfenisbate word. Die entiteit hanteer enige verskil op daardie datum tussen die drabedrag van die bate wat oorgedra moet word en die billike waarde daarvan op dieselfde manier as 'n herwaardasie ooreenkomstig die beginsels van hierdie Standaard, of ooreenkomstig die beginsels in die toepaslike Standaard van AERP wat op daardie bate betrekking het. Met ander woorde:
- (a) enige gevolglike afname in die drabedrag van die bate word in surplus of tekort erken; in die mate dat 'n bedrag in herwaardasiesurplus vir daardie bate

ingesluit word, word die afname egter teen daardie herwaardasiesurplus gedebiteer; en

- (b) enige gevolglike toename in die drabedrag word soos volg behandel:
 - (i) In die mate dat die toename 'n vorige waardedalingsverlies vir daardie bate omswaai, word die toename in surplus of tekort erken. Die bedrag wat in surplus of tekort erken word, oorskry nie die bedrag wat nodig is om die drabedrag te herstel tot die drabedrag wat vasgestel sou gewees het (na aftrekking van waardevermindering) as geen waardedalingsverlies erken sou gewees het nie.
 - (ii) Enige oorblywende deel van die toename word regstreeks aan netto bates in herwaardasiesurplus gekrediteer.

.80 Indien 'n erfenisbate wat teen 'n herwaardeerde bedrag gedra word na voorraad oorgedra word, moet die herwaardasiereserwe wat ten opsigte van die erfenisbate in netto bates ingesluit word, regstreeks na die opgehoopte surplus of tekort oorgedra word wanneer die voorraad in die produksieproses, of in die gewone gang van bedrywighe, gebruik of versprei word.

.81 *Vir 'n oordrag van beleggingseiendom wat teen billike waarde gedra word, of van voorraad na erfenisbate teen 'n herwaardeerde bedrag, moet enige verskil tussen die billike waarde van die bate op daardie datum en die vorige drabedrag daarvan in surplus of tekort erken word.*

Onterkenning

.82 *Die drabedrag van 'n erfenisbate moet onderken word:*

- (a) *by vervreemding (met inbegrip van vervreemding deur 'n nie-uitruiltransaksie); of*
- (b) *indien geen toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal van die gebruik of vervreemding daarvan verwag word nie.*

.83 *Die wins of verlies wat uit die onderkenning van 'n ontasbare bate voortspruit, moet in surplus of tekort ingesluit word wanneer die item onderken word (tensy die Standaard van AERP oor Hure ander vereistes vir 'n verkoop en terughuur stel).*

.84 Die vervreemding van 'n erfenisbate kan op verskillende maniere plaasvind (bv. deur verkoop, deur die aangaan van 'n bruikhuur of deur 'n nie-uitruiltransaksie). By die vasstelling van die datum van vervreemding van 'n erfenisbate moet die entiteit die maatstawwe in die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Uitruieltransaksies* toepas vir die erkenning van inkomste uit die verkoop van goedere. Die Standaard van AERP oor *Hure* is van toepassing op vervreemding deur 'n verkoop en terughuur.

- .85 Die teenprestasie wat by vervreemding van 'n erfenisbate ontvangbaar is, word aanvanklik teen die billike waarde daarvan erken. Indien betaling vir die item uitgestel word, word die teenprestasie wat ontvang word aanvanklik teen die kontantprysekswivalent erken. Die verskil tussen die nominale bedrag van die teenprestasie en die kontantprysekswivalent word ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Uitrustingstransaksies* as rente-inkomste erken om die effektiewe opbrengs op die debiteur weer te gee.

Openbaarmaking

- .86 *Die finansiële state moet vir elke klas erfenisbates wat in die finansiële state erken word, die volgende openbaar maak:*
- (a) *die metingsgrondslae wat gebruik word vir die vasstelling van die bruto drabedrag;*
 - (b) *die bruto drabedrag saamgevoeg met opgehoopte waardedalingsverliese aan die begin en die einde van die tydperk;*
 - (c) *'n rekonsiliasie van die drabedrag aan die begin en einde van die tydperk, wat die volgende aantoon:*
 - (i) *toevoegings;*
 - (ii) *vervreemdings;*
 - (iii) *verkrygings deur 'n oordrag van funksies tussen entiteite onder gemeenskaplike beheer, 'n oordrag van funksies tussen entiteite nie onder gemeenskaplike beheer nie, of 'n samesmelting;*
 - (iv) *toenames of afnames voortspruitend uit herwaardasies volgens paragraaf .37, .54 en .55 en uit waardedalingsverliese wat erken word of regstreeks omgeswaai word in netto bates ooreenkomstig die Standaarde van AERP oor Waardedaling van Niekontantgenererende Bates of Waardedaling van Kontantgenererende Bates, soos toepaslik;*
 - (v) *waardedalingsverliese wat in surplus of tekort erken word ooreenkomstig die Standaarde van AERP oor Waardedaling van Niekontantgenererende Bates of Waardedaling van Kontantgenererende Bates, soos toepaslik;*
 - (vi) *waardedalingsverliese wat in surplus of tekort omgeswaai word ooreenkomstig die Standaarde van AERP oor Waardedaling van Niekontantgenererende Bates of Waardedaling van Kontantgenererende Bates, soos toepaslik;*
 - (vii) *die netto valutaverskille wat voortspruit uit die omrekening van die finansiële state van die funksionele geldeenheid na 'n ander aanbiedingsgeldeenheid, met inbegrip van die omrekening van 'n*

buitelandse bedrywigheid na die aanbiedingsgeldeenheid van die verslagdoenende entiteit;

(viii) oordragte na en van eiendom, aanleg en toerusting, beleggingseiendom, voorraad of ontasbare bates; en

(ix) ander veranderinge.

- .87 In die mate dat dit nuttige en tersaaklike inligting verskaf, word entiteite aangespoor om die volgende openbaar te maak:
- (a) inligting wat gebruikers in staat sal stel om die ouderdom en/of toestand van die erfenisbates na waarde te skat; en
 - (b) inligting oor erfenisbates wat geleen word van of op lening is aan ander entiteite.
- .88 ***Die finansiële state moet vir elke klas erfenisbates wat in die finansiële state erken word, die volgende openbaar maak:***
- (a) ***die bestaan en bedrae van beperkings op titel en vervreemding van erfenisbates;***
 - (b) ***erfenisbates verpand as sekuriteite vir laste;***
 - (c) ***die bedrag van kontraktuele verpligtinge vir die verkryging, instandhouding en restourasie van erfenisbates; en***
 - (d) ***as dit nie afsonderlik in die staat van finansiële prestasie self openbaar gemaak word nie, die vergoedingsbedrag van derde partye vir erfenisbate-items wat in waarde gedaal het, verlore geraak het of prysgegee is en wat in surplus of tekort ingesluit is.***
- .89 ***Erfenisbates moet as 'n afsonderlike lynitem in die staat van finansiële stand self aangebied word.***
- .90 Ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute* maak 'n entiteit die aard en uitwerking van 'n verandering in 'n rekeningkundige raming in die lopende tydperk of in daaropvolgende tydperke openbaar.
- .91 ***Die finansiële state moet inligting oor die alternatiewe gebruik en waarde van erfenisbates wat vir meer as een doel deur die entiteit gebruik word, openbaar maak.***
- .92 ***Indien 'n klas erfenisbates teen herwaardeerde bedrae aangetoon word, moet die volgende openbaar gemaak word:***
- (a) ***die inwerkingtredingsdatum van die herwaardasie;***
 - (b) ***'n aanduiding of 'n onafhanklike waardeerder betrokke was;***

- (c) *die metode wat gebruik word om die erfenisbate se billike waarde vas te stel;*
 - (d) *die beduidende aannames wat by die raming van die erfenisbates se billike waardes toegepas is;*
 - (e) *die mate waarin die erfenisbates se billike waardes regstreeks met verwysing na waarneembare pryse op 'n aktiewe mark of in onlangse marktransaksies op armlengtevoorwaardes bepaal of met behulp van ander waardasietegnieke geraam is; en*
 - (f) *die herwaardasiesurplus, wat die verandering vir die tydperk en enige beperkings op die uitkering van die saldo aan eienaars van netto bates aandui.*
- .93 Ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Waardedaling van Niekontantgenererende Bates of Waardedaling van Kontantgenererende Bates, soos toepaslik, maak 'n entiteit inligting openbaar oor erfenisbates waarvan die waarde gedaal het, bykomend tot die inligting wat in paragraaf .86(c)(iv) tot (vi) vereis word.
- .94 ***Finansiële state moet ook die drabedrag openbaar maak van elke klas erfenisbates wat nie meer aktief gebruik word nie en vir vervreemding gehou word.***
- .95 Indien die kosprysmodel gebruik word, vind gebruikers van finansiële state ook inligting wat met die billike waarde van die erfenisbate verband hou indien dit wesenlik van die drabedrag verskil. Entiteite word derhalwe aangespoor om hierdie bedrae openbaar te maak.
- .96 ***Indien 'n entiteit 'n erfenisbate of 'n klas erfenisbates nie erken nie omdat betroubare meting by aanvanklike erkenning nie moontlik is nie (kyk paragraaf .17), moet die entiteit vir elke erfenisbate of klas erfenisbates die volgende openbaar maak:***
- (a) *'n beskrywing van die erfenisbate of klas erfenisbates;*
 - (b) *die rede waarom die erfenisbate of klas erfenisbates nie betroubaar gemeet kon word nie; en*
 - (c) *die vergoeding wat by vervreemding van die erfenisbate of klas erfenisbates ontvang word en die bedrag wat in die staat van finansiële prestasie erken word.*
- .97 ***In die buitengewone gevalle waarna in paragraaf .58 verwys word waar 'n entiteit 'n erfenisbate of klas erfenisbates met behulp van die kosprysmodel meet, moet die rekonsiliasie wat in paragraaf .86 vereis word bedrae wat op daardie erfenisbate of klas erfenisbates betrekking het, afsonderlik van bedrae***

wat op ander erfenisbates of klasse erfenisbates betrekking het, openbaar maak. Daarbenewens moet 'n entiteit die volgende openbaar maak:

- (a) 'n beskrywing van die erfenisbate of klas erfenisbates;***
- (b) 'n verduideliking waarom billike waarde nie betroubaar vasgestel kan word nie;***
- (c) by vervreemding van die erfenisbate of klas erfenisbates:***
 - (i) die feit dat die entiteit die erfenisbate of klas erfenisbates vervreem het;***
 - (ii) die drabedrag van daardie erfenisbate of klas erfenisbates ten tye van verkoop; en***
 - (iii) die bedrag van wins of verlies wat erken word.***

.98 In die mate dat inligting beskikbaar is, word entiteite aangespoor om die reeks ramings openbaar te maak waarbinne billike waarde na alle waarskynlikheid sal val indien 'n erfenisbate of klas erfenisbates nie by aanvanklike erkenning erken word nie omdat hulle nie betroubaar gemeet kon word nie (kyk paragraaf .17). Entiteite word verder aangespoor om die reeks ramings waarbinne billike waarde na alle waarskynlikheid sal val, openbaar te maak wanneer erfenisbates in die buitengewone gevalle waarna in paragraaf .58 verwys word, met gebruik van die kosprysmodel gemeet word.

.99 Indien die billike waarde van die erfenisbate of klas erfenisbates wat voorheen teen kosprys minus enige waardedalingsverliese gemeet is gedurende die huidige tydperk betroubaar meetbaar word, moet 'n entiteit vir daardie erfenisbates of klasse erfenisbates die volgende openbaar maak:

- (a) 'n beskrywing van die erfenisbate of klas erfenisbates;***
- (b) 'n verduideliking waarom billike waarde betroubaar meetbaar geword het; en***
- (c) die uitwerking van die verandering.***

Oorgangsbepalings

Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP

.100 Die oorgangsbepalings wat by die aanvanklike aanvaarding van hierdie Standaard deur entiteite toegepas moet word, word in ('n) lasgewing(s) voorgeskryf. Die bepalinge van hierdie Standaard moet met elke toepaslike lasgewing saamgelees word.

Wysigings aan die Standaarde van AERP

- .101 Paragraaf .02, .03, .04, .11, .16, .26, .27, .37, .53, .56, .57, .82, .83 en .84 is gewysig en paragraaf .33 en .34 is bygevoeg deur die Verbeterings aan die Standaarde van AERP wat op 1 April 2014 uitgereik is. 'n Entiteit moet hierdie wysigings terugwerkend toepas vir jaartydperke wat begin op of na 1 April 2015. Indien 'n entiteit verkies om hierdie wysigings vroeër toe te pas, moet dit so openbaar gemaak word.*

Datum van inwerkingtrede

Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP

- .102 'n Entiteit moet hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat begin op of na 'n datum wat deur die Minister van Finansies bepaal moet word in 'n regulasie wat ooreenkomstig artikel 91(1)(b) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur Wet No. 1 van 1999, soos gewysig, publiseer sal word*

Enteite wat reeds Standaarde van AERP toepas

- .103 'n Entiteit moet wysigings aan hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat op of ná 1 April 2015 begin. Vroeëre toepassing word aangemoedig. Indien 'n entiteit hierdie wysigings vir 'n tydperk toepas wat voor 1 April 2015 begin, moet hierdie feit openbaar gemaak word.*



Grondslag vir gevolgtrekkings

Hierdie grondslag vir gevolgtrekkings bevat die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) se redes vir die aanvaarding of verwerping van bepaalde oplossings wat met die rekeningkundige verantwoording van erfenisbates verband hou. Hierdie grondslag vir gevolgtrekkings vergesel die Standaard van AERP oor Erfenisbates (AERP 103), maar is nie deel daarvan nie.

- GG1. Hierdie Grondslag vir Gevolgtrekkings som die Raad se oorwegings by die ontwikkeling van die voorgestelde Standaard van AERP oor *Erfenisbates* op. By die formulering van sy beskouing het die Raad indringende oorweging geskenk aan die standpunte wat gestel is en die kommentaar van belanghebbendes wat gereageer het op die Uitnodiging vir Kommentaar (IVK) op 'n Besprekingsdokument oor *Erfenisbates* wat in April 2005 uitgegee is.
- GG2. By die ontwikkeling van hierdie Standaard van AERP het die Raad oorweging geskenk aan die beginsels in die Standaarde van AERP oor *Beleggingseiendom* (AERP 16), *Eiendom, Aanleg en Toerusting* (AERP 17), *Landbou* (AERP 27) en *Ontasbare Bates* (AERP 31).
- GG3. 'n Projek oor die in rekening bring van erfenisbates figureer in die *International Public Sector Accounting Standards Board (IPSASB)* se werkprogram wat gedurende die volgende drie jaar onderneem moet word. Die Raad sal voortgaan om hierdie projek te monitor en sal op 'n geskikte tyd die implikasies van die IPSASB-projek vir die Standaard van AERP oor *Erfenisbates* oorweeg.

Agtergrond

- GG4. Die Raad het dit oorweeg of 'n afsonderlike Standaard van AERP oor *Erfenisbates* ontwikkel moet word, en of riglyne oor die erkenning, meting en openbaarmaking van erfenisbates in bestaande Standaarde van AERP ingesluit moet word.
- GG5. Erfenisbates word normaalweg onbepaald en tot voordeel van huidige en toekomstige geslagte gehou. As gevolg daarvan is 'n afsonderlike Standaard van AERP wat oor die erkenning en meting van erfenisbates handel, toepasliker. Selfs al het die beginsels in die Standaarde van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting* en *Ontasbare Bates* die grondslae gevorm waarop hierdie Standaard ontwikkel is, is die Raad van oordeel dat die verskil in die vasstelling van die nutsduur van 'n erfenisbate dit ontoepaslik maak om erfenisbates by die Standaard van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting* in te sluit. Die vereiste om erfenisbates jaarliks vir waardedaling te evalueer maak dit genoegsaam anders as ontasbare bates. Gevolglik het die Raad besluit om nie die omvang van die Standaard van AERP oor *Ontasbare Bates* te wysig nie.

- GG6. Voorts is die beginsels in die Standaard van AERP oor *Beleggingseiendom* van toepassing op bates wat gehou word om huurgeld te verdien of vir kapitaalappresiasie. Selfs al kan erfenisbates met verloop van tyd in waarde toeneem, word hulle vir huidige en toekomstige geslagte gehou. Inkomste wat uit erfenisbates gegenereer word, is normaalweg onbeduidend vergeleke met die bedryfskoste wat aangegaan word om sodanige erfenisbates in stand te hou en te bewaar. Erfenisbates verskil derhalwe van beleggingseiendom. Die insluiting van erfenisbates in die omvang van die Standaard van AERP oor *Beleggingseiendom* word as ontoepaslik beskou.

Omvang van hierdie Standaard

- GG7. Die Raad is van oordeel dat die beginsels in hierdie Standaard toegepas behoort te word op alle bates wat aan die omskrywing van 'n erfenisbate voldoen. Ten einde aan die omskrywing van 'n bate te voldoen, moet hulpbronne binne die beheer van 'n entiteit wees as gevolg van gebeure in die verlede waaruit toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal verwag word om na die entiteit te vloei. Die dienspotensiaal vervat in 'n erfenisbate spruit voort uit die erfeniswaarde verbonde aan die spesifieke bate.
- GG8. Die omskrywing van 'n ontasbare erfenisbate in wetgewing is breër as die omskrywing van 'n ontasbare bate in die Standaard van AERP oor *Ontasbare Bates* (AERP 31). Daarbenewens vereis wetgewing dat erfenisbates as sodanig aangewys word alvorens die beginsels van die spesifieke wet op die bestuur daarvan betrekking kan hê. Die Raad is van oordeel dat sommige bates ook aan die omskrywing en erkenningsbepalings van hierdie Standaard kan voldoen sonder dat hulle deur wetgewing as sodanig benoem is. Die Standaard vereis derhalwe dat sodra 'n bate voldoen aan die omskrywing van 'n erfenisbate soos ooreenkomstig hierdie Standaard omskryf, die erkennings-, metings- en openbaarmakingsvereistes in hierdie Standaard op daardie bate toegepas moet word, ongeag of daardie bate deur wetgewing as 'n erfenisbate aangewys word.
- GG9. Die Raad het dit oorweeg of 'n entiteit die biologiese transformasie kan bestuur van 'n bate wat ook aan die omskrywing van 'n erfenisbate soos omskryf in hierdie Standaard voldoen. Indien die entiteit nie die biologiese bate beheer nie, kan die bate nie deur die entiteit erken word nie. Die Raad het ook opgemerk dat 'n biologiese bate slegs 'n waarde sal hê terwyl die bate leef. Die Standaard van AERP oor *Landbou* bepaal dat biologiese bates op elke verslagdoeningsdatum gemeet moet word teen die billike waarde daarvan minus geraamde verkooppunktkoste. Die Raad het gevolglik tot die slotsom gekom dat 'n biologiese bate ooreenkomstig die vereistes van die Standaard van AERP oor *Landbou* in rekening gebring moet word.
- GG10. Die Raad het ook die toepassing van die beginsels in die Standaard op hure oorweeg, soos in die Standaard van AERP oor *Hure* omskryf. Om hierdie beginsels te kan toepas, vereis die huurooreenkoms die verbintenis om huurgeld

oor die huurooreenkomstermyn te betaal en te ontvang. Die Raad het egter tot die slotsom gekom dat dit hoogs onwaarskynlik sal wees dat 'n erfenisbate onderhewig sal wees aan 'n reëling wat minimum huurgeld behels. Gevolglik is geen riglyne oor die verhuring van erfenisbates in die Standaard ingesluit nie.

Waardedaling van erfenisbates

GG11. Entiteite hou erfenisbates in stand, beskerm dit, verbeter dit en restoureer dit in hul huidige staat om te verseker dat dit tot voordeel van huidige en toekomstige geslagte bewaar bly. Die Raad het tot die slotsom gekom dat die meeste erfenisbates 'n onbepaalde nutsduur het, aangesien hulle vir huidige en toekomstige geslagte bewaar moet bly en met verloop van tyd in waarde kan appresieer danksy hul kulturele, omgewings-, historiese, natuurkundige, wetenskaplike, tegnologiese en/of artistieke betekenis. Op grond van hierdie ontleding is daar geen eindbeperking op die termyn waaroor 'n erfenisbate na verwagting deur die entiteit gehou sal word nie. Die nutsduur van die erfenisbate is derhalwe na alle waarskynlikheid onbepaald of die jaarlikse waardevermindering sal waarskynlik nie wesenlik wees nie. Die Raad het derhalwe tot die slotsom gekom dat erfenisbates nie afgeskryf behoort te word nie, maar dat 'n jaarlikse evaluering uitgevoer moet word om vas te stel of enige aanduidings van waardedaling na vore gekom het.